LANDBOUWEEKBLAD
01 Aug 2014, p.34



BOEDELBEPLANNING | NICO VAN GIJSEN

NAVRAE: Tel. 021 461 2067 of faks 086 677 6314.
E-pos: nico@finlac.com.

# Wenke om 'n plaas te bemaak

Hier's raad as jy 'n plaas wat nie onderverdeel kan word nie aan twee kinders wil bemaak. Die belastingimplikasies wat met die vererwing gepaardgaan, moet ook in gedagte gehou word.

Een van die vriende van 'n leser (84) het 'n beroerte gehad. Die vriend wil sy plaas aan die leser se vrou (die leser en sy vrou is ook albei oor die 80 jaar oud) bemaak met die idee dat die leser se dogters die plaas erf as die vrou sterf.

Hulle wil weet of die plaas liewer na 'n trust toe moet vererf. En wat gebeur as die dogters die plaas wil verkoop? Wat is die boedelbelastingimplikasies?

Soos ek verstaan, staan daar reeds in die vriend se testament dat die plaas regstreeks aan die vrou bemaak word. As hy ná die beroerte skade opdoen wat sy oordeel beïnvloed, sal dit moeilik wees om die testament weer op te stel. Dus stel ek voor hulle los die situasie soos dit is.

Die vrou sal dan die plaas erf en sy kan daarmee handel soos sy wil. Die plaas sal deel van die bestorwe boedel uitmaak en vir kapitaalwins- en boedelbelasting in aanmerking kom.

**KORTOM**

- As 'n plaas nie onderverdeel kan word nie, bemaak dit eerder aan 'n trust as meer as een kind bevoordeel word.
- Kapitaalwinsbelasting word egter teen 'n hoër koers in 'n trust gehef.
- Maak voorsiening in jou testament ingeval 'n kind voor jou sterf.

## TESTAMENT

Maar wat as die vrou eerste sterf? Tensy daar 'n klousule in die plaaseienaar se testament is wat daardie aspek behandel, sal die plaas óf in die restant van sy boedel val of intestaat vererf.

Ek stel voor die vrou maak in haar testament voorsiening oor die erflating, want sy weet dat sy waarskynlik die plaas sal erf. Sy moet ook voorsiening maak ingeval 'n kind voor haar sterf.

## BEMAAK AAN 'N TRUST

Die vrou moet onthou 'n plaas kan nie onderverdeel word nie. Sy kan dus nie die plaas aan twee dogters bemaak nie (tensy die Minister van Justisie toestemming verleen, wat hy nie sommer doen nie). Dit is dus 'n goeie idee om aan 'n trust te bemaak.

Sy hoef nie nou al die trust te stig nie. Sy kan dit goedkoper doen deur die plaas aan 'n testamentêre trust te bemaak. Dit is 'n trust wat in haar testament geskep word deur die regte klousules by te voeg.

Só trek albei dogters voordeel uit die erflating.

As die dogters later besluit om die plaas te verkoop, kan hulle die geld volgens die bepalings in die trustakte verdeel.

## BELASTING

Kapitaalwinsbelasting (KWB) word teen 'n hoër koers in 'n trust gehef, maar dit sal nie 'n probleem wees as die wins in dieselfde jaar tussen die dogters verdeel word nie. Elkeen sal in haar eie hoedanigheid en teen die koers vir natuurlike persone KWB betaal.

> 'n Plaas kan nie onderverdeel word nie ... tensy die Minister van Justisie toestemming verleen, wat hy nie sommer doen nie.

Daar is een klein jakkalsie. Omdat die plaas geërf en nie gekoop is nie, sal die "wins" meer wees. Dit sal die belastinglas ietwat verhoog. Daaraan kan jy niks doen nie. Jan Taks gee nie net nie. Hy's geduldig en neem altyd weer later.

Boedelbelasting vir die vrou moet ook in gedagte gehou word.

As sy sterf binne tien jaar nadat sy die plaas geërf het, word 'n korting op boedelbelasting volgens 'n glyskaal toegestaan. Tot R3,5 miljoen is van boedelbelasting kwytgeskeld. **LBW**

*Nico van Gijsen is lid van Fisa en besturende direkteur van Finlac, 'n onafhanklike finansiëlerisikobestuursmaatskappy wat by die Raad op Finansiële Dienste gelisensieer is. Finlac is aan geen finansiële produkverskaffer verbonde nie. Die raad wat hier gegee word, is van 'n algemene aard en moenie as toepaslik vir 'n spesifieke geval beskou word nie.*